Uitgawe 24-35
6 September 2024

Posduif



NUUSBRIEF VAN DIE SINODE VAN KWAZULU-NATAL

Redakteur

Louis Nel

Kontak:

WhatsApp:

082 771 4925

E-pos: kommunikasie@ngkzn.org.za

Sinodale Kantoor

Ontvangs:

Lolla Bestbier

Tel: **033-345 2276/7/8**

E-pos: lolla@ngkzn.org.za

Ander kontakbesonderhede:
http://kzn.ngkerk.net/kontak-ons/

Webwerf: www.ngkzn.org.za

Lees vorige nuusbriewe:
http://kzn.ngkerk.net/vorige-posduif-nuusbrief-uitgawes/

Laai dokumente af:
http://kzn.ngkerk.net/inligting-dokumente/

In Hierdie Uitgawe

4 Bergville kry ‘n Leraar
6 Dr. Mike Groet
8 Vryheid se Suid-oos Fees
10 Hayfields se Blikkiesfees
11 Dagboek
12 Jeugrubriek
13 Odos
14 Leierskap en Mentorskap
15 Tom Smith Hoëveld Moderator
16 Pastorale Beradingskursus
17 Brandpunt
18 Kollig – Frits Gaum
19 Oordenking – Die Storm
23 Laaste Woord

Bergville Gemeenskapskerk

Alles is in rep en roer in die (somtyds) rustige dorpie Bergville aan die voetheuwels van die Drakensberge. Op Lentedag, 1 September 2024, 81 jaar na die stigting van die gemeente, ontvang hulle hul 15de leraar, Ds. Adolf Groenewald.

Foto: v.l.n.r. Di. Elize Klut, Adolf Groenewald en Ben Klut en Adolf se verloofde, Cherlize Visagie.

Adolf in ‘n gebore Kapenaar – gebore in Hermanus en grootgeword in Caledon.

Hy het sy teologiese studies by Pneumatix deur die South African Theological Seminary gedoen.

Adolf is verloof aan Cherlize Visagie.

Sy bevestiging is waargeneem deur Di. Ben en Elize Klut van Winterton.

Ons gebed is dat Ds. Adolf Groenewald ‘n baie geseënde bediening sal hê in Bergville en dat sy bediening hier in KwaZulu-Natal baie vrugbaar sal wees.

Dr. Mike Heaney Emiriteer

Dr. Mike Heaney het diep spore getrap in KwaZulu-Natal en in die proses diep in die harte gekruip van nie alleen sy gemeentelede nie maar ook van elkeen wat met hom te doene gekry het.

Dit was veral by KZN Outreach waar hy ‘n leidende rol gespeel het om betrekkinge te bou met ekomene. Sy intense belangstelling in die doen en late van die kerk van die Zoeloebevolking is vir ons almal ‘n riem onder die hart.

Ook sy rol in die Sinodale Bedieningspan waar hy gedien het as voorsitter, het hy met groot entoesiasme vervul.

Sy gemeente skryf:

Liewe Dr. Mike Heaney,

Ons wens jou alle voorspoed en seën toe met jou aftrede. Baie dankie vir alles wat jy vir ons beteken het. Jou gemeente, NG Margate, gaan jou baie mis. Maar ons gaan jou kundigheid in die ring sowel as in die sinode ook baie mis. Baie dankie vir jou hart wat altyd gerig daarop was om dissipels te gaan maak. Dankie vir jou toewyding en ywer. Ons sê ook dankie vir Jennie vir alles wat sy vir ons gedoen en beteken het.

Ons sal julle mis, nie net oor julle dade nie, maar vir wie julle is. Ons sal julle altyd onthou!

Foto links:
Dr. Mike Heaney tydens sy afskeidspreek.

Onder:
Mike en Jennie Heaney saam met Ferdie van Greunen



Vryheid Suid-oos Vier Fees!

‘n Feestelike Suidooster-fees met Brendan

Die NG Suid-Oos gemeente het Saterdag 24 Augustus 2024 hul jaarlikse basaar, genaamd die Suidooster- fees met ‘n spreekwoordelike “bang” begin.

Die gemeente het hierdie jaar ‘n groter perseel benodig en is die fees op die Vryheid Rugbyklub se gronde aangebied.

Die veld was oortrek met verskeidenheid stalletjies soos lekkernye, kunswerke, handgemaakte items en natuurlik heerlike kos om van te kies en te keur.

Stepping Out Dance Academy se dansers het die skare vermaak met hulle vernuftigheid op die dansvloer.

Die grootste trekpleister van die dag was die optrede van ‘n bekende Afrikaanse sanger Brendan Peyper. Brendan het die skare aan die juig en skree gehad terwyl veral die jong meisies heelhartig elkeen van sy liedjies woord-vir-woord saamgesing het.

Die feesgangers het tot laataand om die vure gesit en kuier.

Sien nog foto's

* Hayfields Herald *

CAN-CAN FEST

Lots of fun too:

1. Food, Food, Food
2. Can-Can Olympics

WATCH THIS SPACE

ALL ARE INVITED TO PARTAKE

We would like to make a difference in the lives of the most needy in these difficult times.
For this purpose we have set ourselves a goal of collecting 15,000 tinned food to distribute amongst organisations that help the needy.
You can make a contribution too by: Donating at least one can to the project at our fete on the 5th of October.
Where: At the NG Church Hayfields in Pietermaritzburg (51 Dryden Road, Hayfields)

Hayfields Gemeente het hulle jaarlikse basaar 5 Oktober.

Ons gaan so bietjie afwyk van die geykte formaat en 'n spesiale projek ook aanpak. Ons wil graag 15,000 blikkies onbederfbare kos insamel wat aan geregistreerde organisasies, soos die CMD en SAVF, asook ander versprei kan word. Ons wil graag enige ander gemeente uitdaag om te sien wie die meeste blikkies op die dag kan insamel. Derhalwe nooi ons julle om die dag saam met ons te kom bou aan ons toring van blikkies kos.

Ons noem die geleentheid die 'Blikkiesfees of Can-Can FEST' in Engels.

YouTube Kyk die Video

Dagboek

1-3 Okt. **Mentorskap** @ Coolock House

3 Okt. **Gesprek oor NG Kerk** @ Coolock House

13 Nov. **Moderamen** @ NG Hayfields, PMB

Ander Gebeure:

6-8 Sep. ***Arende Manne Naweek***

17-19 Sep. ***Lentekonferensie***

20 Sep. ***Bybelgenootskap Gholfdag*** – Bluff

27 Sep. ***NG Krantzkloof Gholfdag***

27 Sep. ***NWU PUK Kooropvoering*** – NG Krantzkloof

5 Okt. ***Gebedsverrykingsdag*** – NG Krantzkloof

5 Okt. **Blikkiesfees (Can-Can Fest)** – Hayfields

12 Nov. **Pastorale Beradingskursus** - Aanlyn

Let wel: die ***Argief*** sal gesluit wees van 2 tot 25 September aangesien Hannelize met verlof sal wees.

Gee jou gemeente se funksies blootstelling deur dit op Kerkbode se Dagboek te laai.

Jeugrubriek

Tuisgeloof vir Koninkrykstyd!

WAT IS KONINKRYKSTYD?

Ons is tans in Koninkrykstyd. Dit is die langste tyd in die kerklike jaar. In hierdie tyd dink ons na oor wat dit beteken om dissipels van Jesus te wees.
As 'n dissipel weet ons dat ons fondasie gebou is op ons ewige Rots. Julle ken mos daai liedjie – "die wyse man bou sy huis op die rots".
Ons wil leer wat dit beteken om ons huis op die Rots te bou. Ons huis, ons lewens en ons harte, moet gefokus wees op God, want waar ons skat is, daar is ons hart ook.
Dit beteken dat dit waarop ons fokus, in ons lewens gereflekteer word.
Ons gaan hierdie kwartaal leer oor wat dit beteken om gefokus te wees op God.

8-14 September 2024

Lees!

Psalm 37:4-5

Wat beteken dit om jou vreugde in die Here te vind?
Hoekom kan ons op die Here vertrou?

Gesels!

Ware vreugde en blydskap kom deur die Here te ken. Om die Here te ken beteken nie dat ons net die regte dinge weet met ons koppe nie. Dit beteken dat ons met ons hele hart en alles wat ons is, sal wees soos wat die Here ons geskep het, want ons is kinders van God.

Wees!

Kies 'n aktiwiteit wat julle almal gelukkig sal maak om saam te doen. Gebruik 'n bottel of 'n houer en gooi elke dag 'n geldjie in totdat julle genoeg gespaar het om die aktiwiteit saam te doen!

Leef!

Beplan 'n lentefees! Nooi al julle vriende en kuier lekker saam met mekaar.

ODOS REEKS

Bestel Vandag!

Geskik vir kleingroepe of individue

ODOS IS 'N OMVATTENDE, INTERAKTIEWE KURRIKULUM wat Bybelstories en Bybelkarakters stap vir stap aan kinders leer. Van GRAAD R - 11

Kontak ons gerus: www.odos.co.za | admin@odos.co.za | 083 268 7106

ODOS REEKS

Die boek is geskryf om jou as ouer te help en raad te gee oor hierdie wonderlike geleentheid wat jy het, maar ook om jou voor te berei op die uitdaging daarvan. Dit is een reuse, enorme voorreg om so 'n rol in jou kind se lewe te kan speel. Daar is egter baie ouers vandag wat hierdie kosbare geleentheid deur hulle vingers laat glip. Die boek is op so 'n manier geskryf dat dit ook in groepsverband gebruik kan word, sodat ouers by mekaar kan leer en mekaar kan help met die ouerskapsreis van jou kind wat op sy adolessensie-reis is.

Johan Smith

Die skrywer Dr Johan Smith is die bekende stigter en spreker van Vita Amp. Hy fokus veral op tieners, ouerskap, families, dissipelskap, depressie en geestelike groei.

Geskik vir kleingroepe of individue

ODOS IS 'N OMVATTENDE, INTERAKTIEWE KURRIKULUM wat Bybelstories en Bybelkarakters stap vir stap aan kinders leer. Van GRAAD R - 11

Kontak ons gerus: www.odos.co.za | admin@odos.co.za | 083 268 7106

Ons nooi jou uit om hierdie geleentheid by te woon om meer te leer oor leierskapsontwikkeling en mentorskap.

1 - 3 Oktober 2024 by Coolock House, Port Shepstone

Kostes: R1 300

Hierdie kursus is gerig op predikante en kerkleiers. Dit is ‘n pragtiese kursus waarin die beginsels van Leierskap ontsluit word deur die 360 internasionale leierskap kursus en ‘n hoogaangeskrewe mentorskap program. Daar word 25 VBO punte vir die program toegeken. Ons begin Dinsdagmiddag 1 Oktober en eindig Donderdag 3 Oktober teen etenstyd.

Navrae Barry Tolmay: 0824110626

Lerisa Meyer 082 525-3664

Meer Besonderhede

Excelsus-hoof is Hoëveld Sinode se nuwe moderator

Dr. Tom Smith is die nuwe voorsitter van die Sinodale Dienskommissie (SDK) van Sinode Hoëveld.

Die besluit dat Smith die voorsitter is, is Vrydag 30 Augustus bekendgemaak. Die skuif volg na die vorige voorsitter, Dr. Johan Botha, vroeër vanjaar die aanwysing as die Hoof Uitvoerende Amptenaar van die Oostelike Sinode aanvaar het en nie langer as voorsitter kon dien nie, volgens ds Hannes Windell, sinodale bestuurder: Hoëveld Sinode.

Hy was as assessor verkies by die Hoëveldse sinodesitting van 2022. In April vanjaar het hy ook oorgeneem by Dr. André Bartlett as die nuwe hoof van Excelsus, die NG Kerk se Sentrum vir Voortgesette Bedieningsontwikkeling in Pretoria.

Lees die volledige berig in Kerkbode

PASTORALE BERADINGSKURSUS
ANGS AS DIE NUWE ‘DEPRESSIE’ – PASTORALE RIGLYNE

Dinsdag 12 November 2024

Zoom aanbieding – Prof Wentzel Coetzer

Angs is al beskryf as die ‘amptelike emosie van ons eeu’. Waar depressie eers bo-aan die lys was in terme van geestesgesondheid versteurings, het angs dit nou vervang en word dit selfs beskryf as epidemies. Bydraende faktore hiertoe is byvoorbeeld die getraumatiseerde samelewing waarbinne ons onsself bevind met sy hoë misdaad syfers, politieke onrus, motorkapings, plaasmoorde, die pas van die samelewing wat al vinniger raak en dan veral ook die rol van die Internet en sosiale media. Toenemende liggaamlike en emosionele probleme asook selfs paniek aanvalle is sommige van die kritiese gevolge van al hierdie faktore.

Heling en langtermyn oplossings is slegs moontlik deur middel van ’n multidissiplinêre benadering waarvan die Pastoraat ’n onontbeerlike komponent is – veral omdat angs so dikwels ook lei tot twyfel rakende God se betrokkenheid. Die oogmerk met die voorgestelde pastorale benadering in hierdie kursus is dat afgesien van moontlike psigologiese en mediese insette, angs en vrees uiteindelik met behulp van pastorale begeleiding vervang sal kan word met die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, soos beskryf deur Paulus in Filippense 4:7.

Meer Besonderhede

Lig in Duisternis Uitgewers

Ná die koue winter stuur God die lente. Hierdie woorde dra ’n waarheid wat ons jaarliks herinner aan die hoop wat opnuut in ons harte ontwaak. Soos ons in Hooglied 2:11-12 lees: Want kyk, die winter is verby, die reëntyd is oor, dit het verbygegaan. Die bloeisels word gesien in die land, die sangtyd het aangebreek, en die tortelduif laat sy stem hoor in ons land. Die lente kom met beloftes van vernuwing, van nuwe lewe wat uit die koue grond opskiet, en dit is ’n teken van God se getrouheid.

Ná die uitdagings en swaarkry van die winter, kom daar altyd ’n tyd van herstel en groei. Soos die lenteblomme bloei, word ons herinner dat God ook in ons lewens werk, dikwels op maniere wat ons nie onmiddellik kan sien nie, maar wat uiteindelik Godsvrug dra.

Mag hierdie lente vir jou ’n seisoen wees waarin jy God se stil werk in jou lewe raaksien, waardeer en tot opbou van ander gebruik.

Lees die Nuusbrief

Kollig | ‘Ek het baie om voor dankbaar te wees’ – Frits Gaum

Dr. Frits Gaum, die prominentste lid van die groep lidmate wat die NG Kerk in 2017 hof toe gevat het, praat met Kerkbode oor die kerk, die hof en die kanker wat by hom gediagnoseer is.

Die 84-jarige afgetrede dominee, wat Kerkbode in sy termyn as redakteur tot nuwe sirkulasiehoogtes geneem het, het met Le Roux Schoeman gepraat en ons speel ’n uittreksel uit hulle gesprek as hierdie week se aflewering van Kollig.

Luister Hier

Oordenking

Die Storm

Jona 1:4-16

YouTube Kyk Oordenking op Youtube

As Jona gedink het dat die opdrag wat die Here hom gegee het, om vir Nineve te gaan preek, baie erg was, dan het hy nog niks beleef nie. Dit wat vir hom voorlê op sy reis na Tarsis is ‘n menéér van ‘n nagmerrie wat sy opdrag na ‘n ou vulletjie sal laat lyk. Maar hiervan weet Jona gelukkig niks.

As profeet is Jona maar altyd in die kollig want inderdaad behels sy werk dat hy daagliks met mense kommunikeer. Maar noudat hy op hierdie skip geklim het wat hom weg van God af sal neem, onttrek hy hom totaal van alle mense en hy gaan lê en slaap onder in die skip se ruim, dáár waar niemand hom sal kry nie. Niemand sal hom híér pla nie!

Jona se hart bons opgewonde as hy agterkom dat die skip besig is om te vertrek. Daar is ‘n stewige bries van agter - hoe gouer hulle hier wegkom hoe beter! Die matrose is egter nie baie gelukkig nie, daar is iets ongemaklik wat krap! Hier is iets baie snaaks aan die wind, iets waarop hulle net nie die vinger kan lê nie. ‘n Dag gaan verby en die kaptein is in sy noppies dat hulle so vinnig vorder.

Maar dan begin die wind al sterker en sterker word en die skippie word rondgeskommel deur die golwe wat al hoe hoër en hoër aanstorm. Dit is nie lank nie voordat dit ‘n opregte storm word! Hierdie manne is almal storms op die see gewoond, maar hierdie een is baie anders as wat hulle nog óóit beleef het. Daar is iets bitter onheilspellend in die lug. Vrees gryp hulle aan die harte en hulle begin paniekbevange raak. Baie gou begin hulle besef dat hierdie nie ‘n gewone storm is nie, hier is beslis iets bonatuurlik betrokke! “Dis die gode wat ons wil teister!” waag een matroos dit. Almal raak doodsbenoud: “Ja, dit is niks anders nie!” beaam almal. “Kom ons bid tot ons gode!” stel een voor en met groot gekerm en weeklaag val hulle soos een man neer om te bid, terwyl hulle moet vasklou om lewe en dood om nie van die dek afgespoel te word deur die woeste golwe nie!

Die kaptein beveel dat die vrag oorboord gegooi word om die skip ligter te maak, dalk kan dit hulle red van ‘n sékere watergraf. Tonne kosbare voorrade word in die see gegooi maar tevergeefs, niks help nie! Met elke reuse golf wat die skip tref, kreun en kraak dit asof sy enige oomblik uitmekaar gaan bars in ‘n duisend splinters. Moedverlore klim die kaptein onder in die ruim in om vir ‘n oomblik weg te kom van die geweld. Hy kan sy oë nie glo nie want onder in die donker ruim tref hy ‘n man aan wat lê en snork soos hy slaap dwarsdeur hierdie verwoestende storm deur. “Wat is dit met jou dat jy lê en slaap?!” verskreeu hy vir Jona. “Komaan, gaan bid tot jou God! Ons is besig om te vergaan!”

Beneweld van die slaap strompel Jona op na die dek. Wat hy daar aantref laat hom yskoud word. Onmiddellik besef Jona dat dit God se werk is en dat hy, Jona die oorsaak is. As die manne lootjies trek oor wie die oorsaak van die storm is, is dit dan ook vir Jona géén verrassing dat die lot op hom val nie.

Alle oë is op hom en Jona moet baie hard sluk om te kan bieg dat hierdie storm gekom het as gevolg van hom, Jona die Hebreër. En dan kom hy met die hele sak patats na vore en vertel van sy opdrag en hoedat hy van God probeer wegvlug. “Gooi my in die see!” sluit Jona sy relaas af, “dan sal die storm bedaar!”

Die manne besluit egter dat hulle eerder wil kyk of hulle nie na veiligheid kan roei nie. Alles is egter vergeefs en einde ten laaste gryp hulle vir Jona en slinger hom die geweld van die golwe in.

Oombliklik is daar ‘n windstilte en die woeste see bedaar. Vrees gryp die manne aan die hart want sowat het hulle nog nóóit beleef nie! “Ons moet aan hierdie God van Jona offer!” waag een dit. Hulle voeg sommer dadelik die daad by die woord. “Hierdie God is almagtig en só anders as al die ander gode!”

Jona het iets reggekry, selfs in sy ongehoorsaamheid, iets wat niemand anders kon regkry nie. Sy dwase optrede het ‘n spul swetsende, wilde matrose na God gelei. Die wonder is boonop dat hy nie eers 'n enkele woord vir hulle gepreek het nie!

Ons verkeer dikwels onder die wanindruk dat die enigste manier om iemand na Jesus te lei, is om vir hom te gaan preek en dan laat dit jou keel toetrek en jou hart wild bons en jy hardloop weg. Deur dít wat jy doen en hoe jy lewe, preek jy dikwels baie harder vir mense. Jare gelede het die maatskappy waarvoor ek gewerk het ‘n wilde kantoorpartytjie beplan. Die uitnodigingsbriefie was uiters vulgêr en smaakloos. Ek het egter niks gesê nie maar my gesig het seker boekdele gespreek. Later kom een van die direkteure (sélf ‘n wilde vent!) en vra my groot om verskoning vir die briefie. My lewe as toegewyde jong Christen het die boodskap uitgedra wat hom skuldig laat voel het sonder dat ek nodig gehad het om ‘n woord te sê. Nie baie lank daarna nie het daardie selfde direkteur tot bekering gekom en 'n toegewyde gelowige geword.

“Woorde wek maar voorbeelde trek”, lui die ou spreekwoord en dit is só waar. So byna-byna het Jona selfs daardie klein stukkie getuienis van hom oorboord gegooi, maar God het ingegryp. Moenie dat jou getuienislewe vir die visse gegooi word nie (by wyse van spreke). Lééf elke dag jou getuienis uit want jou lewe spreek baie, baie harder as jou woorde!

Gebed:

Here, help my asseblief om elke dag só te leef dat ander Jesus in my kan sien. Maak asseblief my lewe ‘n preek tot eer van U wonderlike Naam!

Laaste Woord

Toe sê Israel vir (sy seun) Josef: "Nou kan ek maar sterf. Ek het jou gesien. Jy lewe nog!"

GEN 46:30

Ons bid, Here, dat ons elke dag wat U ons seën om by ons kinders te wees, sal waardeer en die tyd saam sal uitkoop.

Amen

LIGDRAERS IN DIE WÊRELD

Vrydag **6 September** 2024

Prof. Barry Tolmay

@Krantzkloof Gemeente